GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

2015

MEMORANDUM

VAK:	**AFRIKAANS FAL V2 (10022)**

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

VOORBEREIDENDE EKSAMEN

AFRIKAANS
(Eerste Addisionele Taal Vraestel 2)

MEMORANDUM

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
VRAAG 1: *Kringe in 'n bos*	Kontekstuele vraag	35	6
	OF		
VRAAG 2: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*	Kontekstuele vraag	35	10
	OF		
VRAAG 3: *Meeulanders*	Kontekstuele vraag	35	14

OF

AFDELING B:DRAMA

Beantwoord net EEN vraag.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
VRAAG 4: *Poppie – die drama*	Kontekstuele vraag	35	18
	OF		
VRAAG 5: *Paljas*	Kontekstuele vraag	35	22

OF

AFDELING C:KORTVERHALE

Beantwoord AL TWEE vrae.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
VRAAG 6: *Die storie van Piet se oupa*	Kontekstuele vraag	18	27
	EN		
Agter 'n baard	Kontekstuele vraag	17	29

OF

AFDELING D:GEDIGTE

Beantwoord AL TWEE gedigte.

VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSYNOMMER
VRAAG 7: *Thumela*	Kontekstuele vraag	18	31
	EN		
Wie's hy	Kontekstuele vraag	17	33

AFDELING A: ROMAN

KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee

VRAAG 1: KONTEKSTUELE VRAAG

TEMA: Nabetragting
BOODSKAP: Saul se soeke na antwoorde na Joram en Oupoot se dood.

1.1.1 'n jaggeweer (1)

1.1.2
- Maska het baie vir Joram beteken.
- Maska was altyd lojaal aan Joram.
- Maska sou darem 'n olifant met die geweer kon skiet.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.1.3 Maska het Joram gehelp om
- bome af te kap.
- hout uit te sleep.
- die hout Knysna toe te vat.

(Enige EEN) (1)

1.2 'n Olifant/grootvoet het Maska bestorm.
(Of soortgelyk) (1)

1.3.1
- Saul se pa wou hom dwing om die kalander af te kap.
- Saul het geweier om die kalander af te kap.

(Enige EEN) (1)

1.3.2
- Saul en Joram het nooit vrede gemaak nie.
- Joram het Saul nie verstaan nie.
- Saul het nie soos Joram oor die Bos gedink nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.4 Joram het sy hele lewe lank die uprights/kalanders afgekap/bome se "dood" veroorsaak✓ nou het 'n kalander/upright Joram se dood veroorsaak/het die kalander/upright op hom geval✓.
(IRONIE: Beide kante moet genoem word) (2)

1.5 Saul het sy pa bewonder vir sy …
- leierskap in sy span.
- boskennis.
- fisiese krag/liggaamlike sterkte.
- leierskap in die Bos.
- versorging van sy gesin.
- vermoë om sy kinders van die Bos te leer.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

1.6 hartbroer (1)

1.7 Alle houtkappers en hulle kinders is wild en vuil. (1)

1.8.1
- B
- het geglo Oupoot het vir hom ’n mensbroer gekies.
- B het geglo Oupoot het vir hom ’n mensbroer gekies.

(Enige EEN) (1)

1.8.2
- D
- wou loskom van MacDonald waarna geen man hom weer sou vasmaak nie.
- D wou loskom van MacDonald waarna geen man hom weer sou vasmaak nie.

(Enige EEN) (1)

1.8.3
- A
- wou niks weet van geldmaak uit die spoelgoud nie.
- A wou niks weet van geldmaak uit die spoelgoud nie.

(Enige EEN) (1)

1.8.4
- C
- het die gewoontes van die Bos bevraagteken.
- C het die gewoontes van die Bos bevraagteken.

(Enige EEN) (1)

1.9
- Die verteller weet wat al die karakters dink en voel.
- Die verteller weet alles.
- Die verteller is nie gebind aan tyd en plek nie.

(Enige EEN) (1)

1.10 Stopforth (1)

1.11 Oupoot het Saul ondersteun met …
- Saul se ma dood.
- Saul se pa wat hom weggejaag het.
- Saul wat ontsteld was oor die kalander wat afgekap is.
- Saul se gesin wat hom as ’n verraaier beskou het.
- Saul wat baie siek geword het.
- Saul se pa se begrafnis.

(Enige DRIE) (3)

1.12.1 Jozef het gedink Oupoot was vir sy kind (Jorampie) se dood verantwoordelik. (1)

1.12.2 Maska (1)

1.12.3
- Oupoot het die Bos probeer beskerm.
- Oupoot is ’n dier wat nie teen mense kon baklei nie.
- Oupoot was nie vir Jozef se kind se dood verantwoordelik nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.13 olifantkoeie Oupoot sou kom begrawe (1)

1.14.1
- Maska wou vir Saul by sy bewussyn kry.
- Maska wou vir Saul uit die pad van die olifantkoeie kry.
- Saul se lewe was in gevaar.
- Maska wou Saul se aandag kry.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

1.14.2 Ja.
- Die olifantkoeie sou Saul doodgetrap het.
- Saul was in die pad.
- Die natuur sorg vir hulle eie koning.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.15
- A
- bos uitgekap is
- A bos uitgekap is

(Enige EEN) (1)

1.16
- C
- hoof
- C hoof

(Enige EEN) (1)

1.17
- Saul het die delwers/jagters weggehou van Oupoot af.
- Saul het gewag dat die olifantkoeie Oupoot begrawe het.
- Saul het na Stopforth geskiet.
- Saul het self Oupoot se tande begrawe.
- Saul het Stopforth goed betaal vir Oupoot se tande.

(Enige TWEE) (2)

1.18
- Saul was baie geheg aan/lief vir Oupoot.
- Daar was ’n sterk band tussen Saul en Oupoot.
- Saul was baie emosioneel oor Oupoot se dood.
- Saul was so geskok, hy kon nie Oupoot se dood hanteer nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.19 Ja.
- Saul het besluit om nie weg te gaan uit die Bos nie.
- Daar was ’n toekoms vir Saul saam met Kate in die Bos.
- Saul het besef hy kan ’n verskil maak.
- Saul het geweet hy moes na die hulpkreet van die Bos luister.
- Dit is wat Oupoot van Saul verwag het, om in die Bos te bly.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

1.20
- Dis belangrik dat mense diere in hulle natuurlike habitat moet bewaar.
- Die mens moet die natuur respekteer.
- Diere kan ’n mens se beste vriend wees.
- Soms verstaan diere beter as mense.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[35]

OF

***DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM* – Marita van der Vyver**

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

TEMA: Aanvaarding
BOODSKAP: Hanna se aanvaarding van haar gesin

2.1 Botterberg (1)

2.2 Mana het gedink dit sal goed wees vir die gesin om mekaar beter te leer ken. (1)
(Of soortgelyk)

2.3
- Yann het ’n bondgenoot in Hanna gesoek.
- Yann het iemand gesoek om saam met hom teen die vakansie te praat.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.4 ’n vriend van Beyers (1)

2.5
- Daar was baie stof.
- Daar was baie spinnekoppe/spinnerakke.
- Daar was nie baie meubels nie.
- Daar was een leefvertrek (met deure na die slaapkamers).
- Die enigste meubels in die leefvertrek was ’n tafel, ingesakte rusbank en ou stoel./Daar was amper geen meubels nie.

(Enige EEN) (1)

2.6
- Hanna en haar gesin het met mekaar gepraat.
- Hanna se gesin het dinge saam gedoen.
- Hanna se gesin het saam speletjies gespeel.
- Hanna se gesin het saam gelag.
- Hanna en haar gesin het saam aktiwiteite gedoen.
- Hanna en haar gesin het in werkspanne saamgewerk.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.7.1 Die kinders het saam met Beyers gaan stap. (1)

2.7.2
- Beyers het gevoel dat hulle op mekaar se senuwees gaan werk (as hulle heeldag in die huis bly).
- Hulle moet van die oortollige energie ontslae raak.

(Enige EEN) (1)

2.8.1
- E
- het gedink dit is sleg vir ’n mens se gesondheid om nice te wees.
- E het gedink dit is sleg vir ’n mens se gesondheid om nice te wees.

(Enige EEN) (1)

2.8.2
- A
- het daarvan gehou om met *Action man*-poppe te speel.
- A het daarvan gehou om met *Action man*-poppe te speel.

(Enige EEN) (1)

2.8.3
- D
- het Harry Potter boeke gelees.
- D het Harry Potter boeke gelees.

(Enige EEN) (1)

2.8.4
- C
- wou graag ’n suster gehad het.
- C wou graag ’n suster gehad het.

(Enige EEN) (1)

2.9.1
- Naam, van, dier, dorp
- Kaart
- Charades

(Enige EEN) (1)

2.9.2
- Hanna het boeke gelees.
- Hanna het geskryf.
- Hanna het in haar verbeeldingswêreld geleef.

(Enige TWEE feite) (2)

2.9.3
- Tibo het elke keer gegil dat hy die antwoord ken.
- Tibo het elke keer opgewonde uitgeroep.

(Of soortgelyk) (1)

2.10 Nee.
- Hanna wou net die speletjie verbykry.
- Hanna was sarkasties.
- Hanna wou vir Yann terg.
- Hanna wou net bewys dat nie een van hulle algemene kennis het nie.

(Enige EEN) (1)

2.11 Nee.
- Tegnologie sou die gesin uitmekaar gehou het.
- Die kinders kon uitgaan in die aand/mekaar vermy.
- Die kinders sou elkeen sy eie ding gedoen het.

(Enige EEN) (1)

2.12 Gavin het ’n modeskou in die Kaap gehad. (1)

2.13
- D
- in die reën tot by die huis gestap het.
- D in die reën tot by die huis gestap het.

(Enige EEN) (1)

2.14.1
- Gavin se motor het in die modder vasgeval.
- Die rivier het oorstroom van al die reën.

(Of soortgelyk) (1)

2.14.2 Ja.
- Hanna het van Gavin se peroksiedhare gepraat.
- Hanna het gesê Gavin dra maskara.
- Hanna het genoem dat Gavin op sy troue meer glamorous as die bruid gelyk het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.14.3 Nee.
- Hanna wou nie haar pa by die partytjie gehad het nie.
- Hanna het gevoel dat haar pa net kon bel.
- Hanna het gevoel hy was nie die vorige 14 verjaardae daar nie, hoekom nou?

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.15.1
- Mana het gereeld vir hulle sop gemaak.
- Gavin het vir Mana/haar gewoontes goed geken.
- Hulle was lank genoeg woonstelmaats vir Gavin om te weet van Mana en die sop.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.15.2
- verbaas
- verras
- opgewonde
  (Enige EEN) (1)

2.16
- B
- al die gebeure sentreer rondom haar.
- B al die gebeure sentreer rondom haar.
  (Enige EEN) (1)

2.17 Beyers ...
- het met Hanna oor letterkunde gepraat.
- het Hanna aangemoedig om te skryf.
- wou graag Hanna se skryfwerk lees.
- het vir Hanna ’n bundeltjie van Shakespeare se sonette gegee.
- het vir Hanna van die sonette voorgedra.
- was die beste pa wat sy ooit gehad het.
  (Enige DRIE of soortgelyk) (3)

2.18.1
- Mana het gesê dat Gavin selfs lewe in ’n begrafnis kon inblaas.
- Mana het gesê Gavin weet hoe om partytjie te hou.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.18.2 Ja.
- Gavin het vir haar ’n swart Cashmere gekoop.
- Gavin het spesiale eetgoed saamgebring.
- Gavin kon uiteindelik vir Hanna gesê het dat sy ’n fabulous creature was.
- Gavin het almal laat lag.
  (Enige EEN of soortgelyk) (1)

2.18.3 Ja.
- Almal het vir haar geskenke gegee wat by haar persoonlikheid gepas het.
- Mana het vir die eerste keer vir haar iets anders as ’n boek gegee.
- Beyers se geskenk het gewys dat hy haar talent verstaan het.
- Tibo en Amos se geskenk was so uniek aan wie hulle was.
- Yann se pen was vir haar ’n aanmoediging om aan te hou skryf.
- Sharon het haar spesiaal laat voel met die grimeerstelletjie.
- Margot se geskenk was vir Hanna ’n verrassing.
  (Enige EEN of soortgelyk) (2)

2.19
- Dit help die leser om Hanna se emosies/gevoelens te verstaan.
- Dit maak die verhaal meer waarheidsgetrou/persoonlik.
- Die leser sien dinge uit Hanna se oogpunt uit.
  (Enige EEN) (1)

2.20
- Ek moet myself aanvaar soos wat ek is.
- Moenie oorkrities wees nie.
- Moet jouself nie met ander vergelyk nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[35]

OF

VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG

***MEEULANDERS* – Esta Steyn**

TEMA: Probleemoplossing
BOODSKAP: Die intriges op Meeuland raak almal se lewens.

3.1
- Elsabet moes by 'n dokter uitgekom het.
- Daar was probleme met die geboorte.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.2
- Daar was 'n storm/wind was sterk.
- Die tweerigtingradio het nie gewerk nie.
- Die battery was pap.
- Hulle kon nie lig maak nie.
- Die windlaaier het nie gewerk nie/se lem het afgebreek.
- Jacob het die laaste noodfakkel afgevuur.

(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

3.3 Nee.
- Elsabet wou die baba aan wal gehad het.
- Elsabet het die eiland gehaat.
- Elsabet wou by Fred wees.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.4
- Die eiland het gestink.
- Dit was eensaam op die eiland.
- Dit het vir Elsabet soos 'n tronk gevoel.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.5 brand (1)

3.6 Ja.
Jacob het vir Ryna vertel (dat Elsabet nie meer kinders kon hê nie). (1)

3.7.1
- E
- het aan drank verslaaf geraak.
- E het aan drank verslaaf geraak.

(Enige EEN) (1)

3.7.2
- C
- wou ’n wildevyeboom op die eiland plant.
- C wou ’n wildevyeboom op die eiland plant.

(Enige EEN) (1)

3.7.3
- A
- het nie raad van mense aanvaar nie.
- A het nie raad van mense aanvaar nie.

(Enige EEN) (1)

3.7.4
- B
- het behandeling vir depressie gekry.
- B het behandeling vir depressie gekry.

(Enige EEN) (1)

3.8.1
- Kinnie is dood.
- Jannerik was die baba se oupa.
- Dit was net Jannerik en Ousanna wat van die baba geweet het.
- Ousanna was blind en kon nie vir die baba sorg nie.
- Daar was niemand anders behalwe Jannerik wat die baba kon vat nie.

(Enige EEN) (1)

3.8.2 Hulle het besluit om te maak of dit Elsabet se baba was. (1)

3.8.3 Ja.
- Elsabet sou nie seergekry het nie.
- Jannerik se kleinkind sou ’n ma hê.

OF

Nee.
- Elsabet se lewe kon anders verloop het.
- Elsabet moes self ’n keuse gehad het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.9
- Die versorging van mense.
- Geduld met hartseer.
- Empatie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.10
- Ryna het die eiland as God se plekkie gesien.
- Ryna het die eiland as tuiste beleef.
- Ryna het gesond kom word op die eiland.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.11
- Ryna het ’n boek oor kusvoëls gaan skryf.
- Ryna het navorsing gaan doen.

(Enige EEN) (1)

3.12 Mama-Meeu (1)

3.13
- A
- Salamanderbaai
- A Salamanderbaai

(Enige EEN) (1)

3.14.1
- Flip-Flap was ’n pikkewyn.
- Janka se speelding

(Enige EEN) (1)

3.14.2
- Ryna was by toe die dogtertjie wat gebore is, dood is.
- Ryna wou dit later moontlik vir Elsabet gewys het.

(Enige EEN) (1)

3.14.3 Ja.
- Jannerik het seerkry verstaan.
- Jannerik het Ryna gehelp om op die eiland aan te pas.
- Jannerik het geleer om mense nie te oordeel nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.15
- B
- wou wegkom van haar vorige lewe.
- B wou wegkom van haar vorige lewe.

(Enige EEN) (1)

3.16
- Dit is die inskrywings in Ryna se dagboek.
- Dit is die dele wat aangehaal is uit Ryna se dagboek.

(Enige EEN) (1)

3.17.1 Nee.
- Elsabet het weggevlug van Meeuland af, maar sy het nooit tuisgekom nie.
- Elsabet het gesterf terwyl sy na haar tuiste gesoek het.

(Enige EEN) (1)

3.17.2
- Ryna se traumatiese lewe was soos ’n wolk, maar op Meeuland het sy oor begin.
- Ryna het met ’n gebroke hart op Meeuland aangekom, maar later liefde daar gevind.
- Ryna het haar seun verloor, maar op Meeuland ’n dogtertjie bygekry.

(Enige TWEE) (2)

3.17.3
- Jacob se hart het sagter geword.
- Jacob het Janka as sy kind aanvaar.
- Jacob het geleer om ander mense op die eiland te vertrou.
- Jacob het weer liefgekry/vertrou.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

3.18 Ja.
- Die leser word betrek by die eilandlewe.
- Die leser leer die karakters teen die eiland se agtergrond ken.

(Of soortgelyk) (1)

3.19
- Ryna het Janka versorg.
- Ryna was soos 'n ma vir Janka.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

3.20
- Elsabet se baba is in 'n storm gebore.
- Elsabet het tydens 'n storm verdrink.

(TWEE feite) (2)

3.21
- Die karakters het vrede gevind.
- Die karakters kan nou voortgaan met hulle lewens.
- Die beskerming van die eiland was nie meer nodig nie.
- Die karakters kon nou in enige ruimte funksioneer.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

OF

VRAAG 4: DRAMA

POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotze

TEMA: ***Konflik***
BOODSKAP: Poppie se troue en haar kinders het Poppie sterker gemaak in tye van konflik.

4.1 Klip is die Afrikaanse vertaling van Stone. (1)

4.2 Poppie en Stone het briewe vir mekaar geskryf. (1)

4.3 Stone het van Herschel/die Ciskei/ die tuisland gekom. (1)

4.4 Kleredrag:
- Stone was 'n netjiese mannetjie/het smart/mooi aangetrek.
- Al Stone se klere het bymekaar gepas.

Optrede:
- Stone was 'n rustige man.

Karakter:
- Stone was 'n stil man/was nie so praterig soos die ander mans nie.
- Hardwerkend

(Enige DRIE) (3)

4.5 positief (1)

4.6 Stone moes eers lobola/bruidskat betaal. (1)

4.7
- Poppie het van die Karoo/Upington afgekom.
- Stone was Xhosa wat van die Ciskei afgekom het.
- Poppie se mense het Afrikaans gepraat.
- Stone kon net Xhosa praat/nie Afrikaans praat nie.
- Die huwelik was 'n troue tussen die verwesterde stadskultuur en die tradisionele Xhosa-kultuur.

(Stone en Poppie se kante moet genoem word.) (2)

4.8 Poppie het geleer hoe om ...
- suurpap te maak.
- mielies fyn te maal.
- koring te bhula.
- water te skep.

(Enige EEN) (1)

4.9
- Poppie wou haar baba by haar ma kry.
- Poppie het na haar ma verlang.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.10.1
- Stone wou nie sy werk/Die fabriek los nie.
- Stone het werk gehad.

(Enige EEN) (1)

4.10.2
- Poppie het by Stone gebly.
- Poppie het Stone nie alleen gelos nie.
- Poppie het Stone se klere gewas en stryk.
- Poppie het haar verpligtinge as vrou nagekom.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.10.3
- ongelukkig/hartseer
- kwaad
- ontevrede

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.11.1
- B
- was Poppie se kleinseun.
- B was Poppie se kleinseun.

(Enige EEN) (1)

4.11.2
- E
- het baie probleme vir Poppie gegee.
- E het baie probleme vir Poppie gegee.

(Enige EEN) (1)

4.11.3
- D
- is gebore toe Stone siek geword het.
- D is gebore toe Stone siek geword het.

(Enige EEN) (1)

4.11.4
- A
- kon nie saam met Poppie teruggaan Kaap toe nie.
- A kon nie saam met Poppie teruggaan Kaap toe nie.

(Enige EEN) (1)

4.12 In die Ciskei (1)

4.13.1 Plank (1)

4.13.2 Ja.
Party mense leer slegs as hulle voel.
OF
Nee.
Geen lyfstraf is geregverdig nie.
(Enige EEN) (1)

4.14.1 Dit is moeilikheid/riots/opstande wat die kinders veroorsaak het. (1)

4.14.2 Poppie het haar kinders Ciskei toe/uit die moeilikheid geneem; terwyl Jakkie veroorsaak het dat Poppie se kinders in die moeilikheid gekom het.
(IRONIE: Beide kant van saak moet gestel word.) (2)

4.15
- D
- tritagonis
- D tritagonis
(Enige EEN) (1)

4.16 Ja.
Jakkie was ’n jeugleier. (1)

4.17
- D
- toneelaanwysings
- D toneelaanwysings
(Enige EEN) (1)

4.18
- Jakkie kon gaan kyk het of dit goed gaan met hulle
- Jakkie kon gekyk het dat Poppie se kinders by die skool uitkom.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

4.19.1 Poppie het niks bereik nie. (1)

4.19.2 Jakkie het ’n polisieman geskiet. (1)

4.19.3 Nee.
Jakkie het (Basoetoland toe) gevlug. (1)

4.20.1 Nee.
Jakkie het nie sy ma geantwoord op haar vraag of die polisie hom geslaan het nie.
(Of soortgelyk) (1)

4.20.2 Die polisie het Jakkie geslaan/seergemaak. (1)

4.21 Ja.
- Dit is die unieke Afrikaans wat Poppie en haar broers gepraat het.
- Dit help die leser om homself/haarself in die situasie in te leef.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[35]

OF

VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

PALJAS - Chris Barnard

TEMA: Aanvaarding
BOODSKAP: Die veranderinge wat Manuel in mense se lewens gebring het.

5.1
- Willem was weg.
- Willem het nie huis toe gekom nie.
(Enige EEN) (1)

5.2 Willem se ouers het (voor hom) baklei/geargumenteer/'n rusie gehad. (1)

5.3 nie gedwing het om te praat nie. (1)

5.4 beeld van homself (1)

5.5.1
- Manuel het Willem toertjies geleer.
- Manuel en Willem het teen die mure geteken.
- Willem en Manuel het gelag/gesels.
(Enige TWEE) (2)

5.5.2
- As ek Willem was, sou ek gelag het.
- As ek Willem was, sou ek opgewonde gewees het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.6
- Groot ingekleurde sirkels, vierkante, kruise
- 'n Tekening van 'n hond/draak wat vuur spoeg
- 'n Bont tekening (lyk soos joker-speelkaart)
- Nar se gesig (soos deur Picasso geteken)
- 'n Reuse slang
(Enige TWEE) (2)

5.7.1 Toe Willem vir Manuel moes skryf wat sy naam was. (1)

5.7.2
- Manuel het belanggestel in Willem se probleme.
- Manuel wou vir Willem gehelp het.
(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.8.1 As Willem nie huis toe sou gaan nie, sou Manuel weggegaan het. (1)

5.8.2 Willem het huis toe gegaan. (1)

5.8.3 Ja.
- Ouers moet weet waar hulle kinders is.
- Ouers gaan bekommerd wees.

OF

Nee.
- Willem voel nie gemaklik by die huis nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.9
- Willem het sy gesin met die toertjies vermaak.
- Willem het die gaste by die Volstruisdans vermaak.
- Willem se pa het vir hom geld gegee vir die toertjies wat hy gedoen het.
- Willem het op die konsertina gespeel.
- Willem het op sy ouers se gesigte geteken om hulle beter te laat voel.
- Willem het op Manuel se gesig geteken om hom beter te laat voel.

(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

5.10
- B
- groep beelde wat naas mekaar geplaas word.
- B groep beelde wat naas mekaar geplaas word.

(Enige EEN) (1)

5.11.1
- Die sirkus
- Die sirkustent

(Enige EEN) (1)

5.11.2 Manuel het gesê hy was klaar met die sirkus. (1)

5.11.3 Ja.
- Manuel kon iemand(Willem) help.
- Manuel kon rus.
- Manuel kon iets anders doen.
- Manuel kon weer besef hoe belangrik die sirkus vir hom was.

OF

Nee.
- Manuel het tyd saam met die sirkus verloor.

(Enige EEN) (1)

5.12
- D
- op die verkeerde stasie afgehaak is.
- D op die verkeerde stasie afgehaak is.

(Enige EEN) (1)

5.13.1
- bevryding
- vryheid

(Enige EEN) (1)

5.13.2
- Die leser word bekend gestel aan die omgewing.
- Die trein beweeg verby die stasie wat wys dat dit nie belangrik is nie.

(Enige EEN) (1)

5.14.1
- D
- Willem McDonald
- D Willem McDonald

(Enige EEN) (1)

5.14.2
- E
- Jan Mol
- E Jan Mol

(Enige EEN) (1)

5.14.3
- A
- Hendrik McDonald
- A Hendrik MacDonald

(Enige EEN) (1)

5.14.4
- B
- Emma McDonald
- B Emma MacDonald

(Enige EEN) (1)

5.15.1 Konsertina (1)

5.15.2
- Sodat Willem moes leer om die konsertina te speel
- Om te wys dat Manuel in hom glo
- Sodat Willem sy talent kon uitleef
- Sodat Willem ’n deel van Manuel by hom kon hê

(Enige EEN) (1)

5.15.3 Ja.
- Hendrik het daarvan gehou om na ou plate/musiek te luister.
- Willem het Manuel se musiek geniet.
- Emma en Katrien het klavier gespeel.

(Enige EEN) (1)

5.16.1
- Katrien het weer in Hendrik belanggestel.
- Katrien het met Hendrik gepraat/gekommunikeer.
- Katrien het haar mooigemaak vir Hendrik.

(Enige EEN) (1)

5.16.2
- Emma het begin klavier speel.
- Emma het vir Nollie in haar lewe toegelaat.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

5.16.3 Ja.
- Praat/Kommunikasie los ook probleme op.
- Deur net na iemand te luister, help ook.

(Enige EEN) (1)

5.17
- Aanvaar mense (vir wie hulle is).
- Moenie mense veroordeel nie.
- Help mense wat ’n probleem het.
- Sien kinders se hartseer raak.
- Moenie ’n persoon met ’n spraakprobleem terg nie.

(Enige EEN) (1)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

AFDELING C: KORTVERHALE

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG

PIET SE OUPA – Abraham. H. de Vries

TEMA: Positiwiteit.
BOODSKAP: Oupa se dood het gevolge op sy familie en vriende gehad.

6.1
- Oupa het ’n hartaanval gehad.
- Oupa was dood en het weer lewendig geword.

(Enige EEN) (1)

6.2 Oupa het ’n ligte kopseer gehad. (1)

6.3 Hulle het gaan rekeninge betaal. (1)

6.4 weggehardloop het (1)

6.5.1 Ja.
- Oupa moes vanuit ’n lykshuis begrawe word.

OF

Nee.
- Oupa het altyd sy eie dinge gereël
- Oupa het dit dalk self gekoop.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.5.2
- Verleë: dit lyk of die dokter nie sy werk ken nie.
- Geamuseerd: die situasie is snaaks.
- Bly: dit is lekker om vir iemand sulke goeie nuus te gee.
- Onseker: weet nie hoe ander mense sou reageer nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.6.1 Oupa was dood waarvan Trudie geweet het en nou is hy lewendig. (1)

6.6.2
- Die man is nie regtig ’n dokter nie.
- Die dokter maak net of hy ’n dokter is.
- Trudie het gedink iemand skeer die gek.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.6.3
- opgewonde
- bly
- gelukkig

(Enige EEN) (1)

6.7.1
- C
- het tot in die vroeë oggendure gekuier.
- C het tot in die vroeë oggendure gekuier.

(Enige EEN) (1)

6.7.2
- E
- was ’n toegewyde matrone in die hospitaal.
- E was ’n toegewyde matrone in die hospitaal.

(Enige EEN) (1)

6.7.3
- A
- het eers met karperde geboer.
- A het eers met karperde geboer.

(Enige EEN) (1)

6.7.4
- B
- het nog gesukkel om Pa groot te kry.
- B het nog gesukkel om Pa groot te kry.

(Enige EEN) (1)

6.8.1
- Oupa se maag
- Die geluid wat Oupa se maag gemaak het
- Oupa was honger.

(Enige EEN) (1)

6.8.2 Hy het onthou hoe lekker die skaapvleis/tjoppie was (waaraan hy gesterf het). (1)

6.8.3
- Oupa se humorsin/taal was baie snaaks.
- Die manier waarop Oupa lewendig geword het.
- Die ambulansmanne se reaksie.
- Die manier waarop die storie vertel word.

(Enige TWEE of soortgelyk) (2)

6.9 Ja.
- Oupa het ten volle gelewe.
- Oupa het die vrouens geniet.

OF

Nee.
- Oupa tree nie op volgens sy ouderdom nie.
- Jongmense sien dat ’n mens kan rondkuier.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[18]

EN

***AGTER 'n BAARD*– Hennie Aucamp**

TEMA: Verandering.
BOODSKAP: Die hartseer van die tuiskoms van Deon.

6.10
- Marina wou vir Deon 'n ete gee.
- Deon se tuiskoms.
- Deon is terug van die grens af.
- Hulle familie is herenig.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.11.1
- terroriste
- bosape
- oorlog/die grens

(Enige EEN) (1)

6.11.2
- Marina was bang Bennie kry nagmerries.
- Marina wou nie hê Bennie moes na die lelike dinge van die oorlog luister nie.

(Enige EEN) (1)

6.12.1
- Bennie was opgewonde om sy pa te sien.
- Bennie het na sy pa se stories geluister.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.12.2 Ja.
- Bennie het Deon (onvoorwaardelik) aanvaar.
- Deon was Bennie se held.
- Deon het gemaklik by Bennie gevoel

OF

Nee.
- Hulle moes eerder as 'n gesin saamgekuier het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.13
- Deon het 'n baard gegroei.
- Deon wou nie sy baard afskeer nie.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.14 baard met kaal kolle (1)

6.15 Nee.
- Dit was 'n manier om te kommunikeer.
- Dit was makliker om daaroor te praat as oor sy emosies.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

6.16
- B
- masker
- B masker

(Enige EEN) (1)

6.17
- Deon het gedink Marina hom sou aanvaar.
- Dit Marina haar net verder van Deon weggedryf.
- Marina het aanhoudend gekla oor die baard.

(Enige TWEE) (2)

6.18
- Marina het Deon se naam geskree.
- Marina was geskok.
- Marina wou nie hê Deon moet haar van die oorlog vertel nie.
- Marina het haar hand oor Deon se mond gesit.
- Marina kon nie weer aan die slaap raak nie.
- Marina se een hand het rukkerig oop- en toegemaak.

(Enige DRIE of soortgelyk) (3)

6.19
- B
- vreemd opgetree
- B vreemd opgetree

(Enige EEN) (1)

6.20 Daar is verskriklike emosionele gevolge wat uit oorlogservarings kom.
(Of soortgelyk) (1)

6.21 Ja.
- Dit is nie vir haar 'n aantrekkingskrag na Deon toe nie.
- Sy wou sy gesigsuitdrukking sien.

OF

Nee.
- Individue het die reg om self te besluit oor hulle voorkoms.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

[17]

TOTAAL AFDELING C: 35

OF

AFDELING D: GEDIGTE

VERSJOERNAAL

VRAAG 7: KONTEKSTUELE VRAAG

THUMELA – *Elmé Barnard*

7.1.1 Die leerder se laaste skooldag (1)

7.1.2
- Ja.
- Die onderwysers was ’n groot deel van jou lewe saam met jou.
- Onderwysers doen moeite met leerders.
- Dit wys jou respek vir die onderwyser.

OF

Nee.
- Onderwysers maak soms geen verskil in ’n kind se lewe nie.
- Onderwysers kan leerders se lewe moeilik maak.

(Enige EEN) (1)

7.2 Die leerling het vir die onderwyser geskree. (1)

7.3
- A
- laaste
- A laaste

(Enige EEN) (1)

7.4 Daar is hordes/baie sportaankondigings. (1)

7.5.1
- B
- Assonansie
- B Assonansie

(Enige EEN) (1)

7.5.2
- C
- Personifikasie
- C Personifikasie

(Enige EEN) (1)

7.5.3
- D
- Alliterasie
- D Alliterasie

(Enige EEN) (1)

7.6.1 Daar is ’n spasie/opening/inkeping/wit deel tussen die woorde. (1)

7.6.2 Dit laat die leser besef daar is ’n nuwe gedagtegang/idee/pouse. (1)

7.7 "eksamenroosters" (1)

7.8.1 Die leerder het die boek in die lug opgegooi/weggegooi van hom/haar af. (1)

7.8.2 Die leerder los sy skoolgeskiedenis agter by die skool. (1)

7.9
- Nie een van hulle is ernstig nie.
- Beide maak of dit nie saak maak nie.
- Hulle optrede is baie dieselfde.
- Dat daar konflik tussen hulle was.

(Enige EEN) (1)

7.10
- "verlate"
- verlate

(Enige EEN) (1)

7.11 Thumela beteken wegstuur wat op die wegstuur van die kind na die grootmenswêreld dui.
(Of soortgelyk) (1)

7.12 Ja
- Daar is geen vaste rymskema nie.
- Daar is geen hoofletters en leestekens in die gedig nie.
- Die versreëls is nie ewe lank nie.

(Enige EEN) (1)

7.13 Ja.
- Dis pure opgewondenheid.
- Die leerders gaan nooit weer die boek gebruik nie.

Nee.
- Boeke is duur.
- Die leerder kon die boek vir iemand anders gegee het.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

EN

WIE'S HY? – *Adam Small*

7.14 Die digter/poet (1)

7.15.1 Ja.
- Die digter is nie die poet soos wat die mense dink nie.
- Die digter is die gewone man op straat.

(Enige EEN) (1)

7.15.2 Die woord word herhaal. (1)

7.15.3 Ja.
In die gedig verduidelik die digter wie die eintlike digters is. (1)

7.16
- "study"
- study

(Enige EEN) (1)

7.17.1
- pen
- ink

(Enige EEN) (1)

7.17.2
- Dit is hoe die mense praat.
- Die manier waarop gewone mense praat, kan so interessant wees dat dit ook digkuns kan wees.
- Die mense sien die alledaagse raak waaroor gedigte geskryf word.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.18
- Alleenplasing
- Die woord staan alleen in ’n versreel.

(Enige EEN) (1)

7.19
- B
- het altyd ’n antwoord reg.
- B het altyd ’n antwoord reg.

(Enige EEN) (1)

7.20
- "straat"
- straat

(Enige EEN) (1)

7.21.1 Die leser (1)

7.21.2
- Dis nie die poet/digter wat die ware digter is nie.
- Die ware digters is die gewone man op straat.

(TWEE feite) (2)

7.22 eers oor die vrae kan nadink (1)

7.23
- Digters sit in studeerkamers en werk.
- Digters skryf gedigte met pen en ink.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.24 Ja.
- Die gedig is in die taal van die gemiddelde mens geskryf.
- Die gedig laat die leser met nuwe oë na digters kyk.

(Enige EEN of soortgelyk) (1)

7.25
- Die Engelse woord in die gedig het my aandag getrek.
- Dit is die idioom waarin die spreker praat.

(Enige EEN) (1)

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70